



'N NUWE ORREL VIR DIE NG MOEDERGEMEENTE, POTCHEFSTROOM

NEIL BARNARD

S wart gebrande mure was ál getuies van 'n vernietigende brand wat die NG Moedergemeente Potchefstroom op 5 Julie 2007 in puin gelê het, maar 'n toring wat opwaarts wys, was 'n teken van hoop. 'n Enorme restourasieprojek is onderneem, en daar is besluit om die kerkgebou te restoureer na hoe dit gelyk het gedurende die tydperk 1894 tot 1914. Jan Elsenaar van Protea Orrelbouers, Brandfort, is deur die gemeente se herbouingskomitee gevra om 'n orrel te soek wat min of meer aan die kerk se behoeftes sou voldoen. 'n 1897-Conacher pyporrel, wat tot in 1998 in die voormalige St. Oswald's-kerk in Birmingham, Engeland, diens gedoen het, is, na die sluiting van die kerkgebou, deur die bekende Nederlandse orrelbouer, Jan van den Heuvel, te koop aangebied. Elsenaar het die orrel by Van den Heuvel gaan besigtig en daar is besluit om dit aan te koop.

Gedurende 2008 is die Conacher-orrel na Suid-Afrika verskeep en na Brandfort geneem. Onder adviseurskap van prof. Wim Viljoen is 'n unieke restourasieprojek onderneem aangesien die orrel steeds in dieselfde toestand as in 1897 was. Die restourasie moes uiters sorgvuldig en deeglik gedoen word. Die oorspronklike Conacher-orrel is as 'n tweemanaal-instrument gebou, terwyl die derde manuaal wel voorsien is, maar die pype ontbreek het. Die gedagte van 'n derde volledige manuaal het egter nooit gerealiseer nie, maar onder Elsenaar en die herbouingskomitee is daar besluit om die derde manuaal (*Choir-organ* met 5 registers) wel te voltooi. Die *Pedal-Organ* is ook versterk met die byvoeging van 'n *Principal 8'*. Tydens die proses is die orrel volledig in Elsenaar se werkswinkels in Brandfort opgebou.

Die restourasieproses het ongeveer twee en 'n half jaar geduur en in Junie 2011 is die orrel afgetakel en met 'n reuse vragmotor na sy nuwe tuiste gebring. Op Maandag 13 Junie 2011 is daar met die opbou van die orrel in die prag-gerestoureerde kerkgebou begin.

Na voltooiing, is die orrel op 10 September vanjaar feestelik in gebruik geneem. Tydens die geleentheid het Elsenaar 'n kort oorsig oor die geskiedenis van die orrel gegee en enkele klankkleure gedemonstreer, waarna hy die orrel simbolies aan prof. Viljoen (adviseur) oorhandig het. Erkenning is ook aan die gemeente-orrelis, mev. Martie van Jaarsveld, gegee by wyse van die oorhandiging van 'n geskenk deur Gerda Elsenaar, jongste dogter van die orrelbouer.

Viljoen het 'n uitvoering gelewer wat werke van Bach, Lang, Mendelssohn, Händel, Festing en Young ingesluit het. Die program was só saamgestel dat alle klankkleure van die orrel ten toon gestel is. In Händel se Orrelkonsert in G-mineur (Op. 4, nr. 1) is die manuale van die orrel voortreflik aangewend om verskillende orkestrale effekte te verkry. Besondere timbre-groepe binne die orrel is die strykers van die *Swell-Organ*, die fluitregisters van die *Great-Organ* (*Flaute Traverso 4'*, wat geheel van hout is en 'n unieke driehoekige vorm het), die *Oboe 8'* van die *Swell-Organ* en die *Clarinet 8'* van die *Choir-Organ*.



Die volledige disposisie van die orrel is soos volg:

Great-Organ

Double Open Diapason 16'
 Open Diapason 8'
 Stopped Diapason 8'
 Clarabella 8'
 Gamba 8'
 Octave 4'
 Flaute Traverso 4'
 Twelfth 2²/₃'
 Fifteenth 2'
 Mixture 2' III
 Trumpet 8'

Swell-Organ

Bourdon 16'
 Horn Diapason 8'
 Hohlf flute 8'
 Salisionaal 8'
 Voix Celeste 8'
 Viola 4'
 Piccolo 2'
 Mixture 2' II-III
 Oboe 8'
 Cornopean 8'

Choir-Organ

Rohrflute 8'
 Gemshorn 4'
 Flute 4'
 Fifteenth 2'
 Clarinet 8'

Pedal-Organ

Open Diapason 16'
 Bourdon 16'
 Principal 8'
 Swell to Great, Great to Pedal,
 Swell to Pedal, Choir to Pedal

Manuaalomvang: C – a3

Pedaalbordomvang: C – fl

Winddruk: 80mm deurgaans.

Aksie: Meganiese aksie, met uitsondering van **Pedal** wat pneumaties is.

- Gelukwense moet oorgedra word aan 'n gemeente wat met onverskrokke moed 'n restourasieprojek van hierdie omvang suksesvol onderneem en voltooi het, en 'n praginstrument daargestel het wat hulle sal aanwend soos wat dit op 'n koperplaat op die orrel gegraveer staan:

To the Glory of God!

BRONNELYS

Elsenaar, J. 2011. Persoonlike gesprek en korrespondensie met orrelbouer.

NG Moedergemeente Potchefstroom. 2011. Program: Amptelike inwyding van die Conacher-orrel.

Viljoen, W.D. 2011. Persoonlike gesprek en korrespondensie met adviseur.